VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Marinda Steenkamp	21 Mei
Marisa Steenkamp	22 Mei
David Lotz	27 Mei

Baie geluk met julle verjaarsdae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Numeri 6:24-26

GEBEDSVERSOEKE

- **Neill Marais (snr),** Kanker
- **Lenie Chapman,** Heupvervanging, Kingsburry Hospitaal
- **Cora Louw,** HL Siekeboeg
- **Stella de Kock,** Rugprobleme, HL
- **Martie v Heusden,** Arm-operasie, Sterk tuis aan
- **Marietjie Basson,** Panorama Medi Clinic
- **Magda Erasmus,** Sterk tuis aan na breuk-operasie (HL)

Laat weet asb die kerkkantoor indien jy huisbesoek verlang of van iemand weet wat in die hospitaal is.

NG GEMEENTE RONDEBOSCH: POS BESKIKBAAR

Geleentheidsbeplanner en multi-media inhoudskepper
Deeltydse pos (10 ure per week)

Die NG Gemeente Rondebosch het ‘n pos beskikbaar in Rondebosch vir ‘n geleentheidsbeplanner en multi-media inhoudskepper. Hierdie persoon sal verantwoordelik wees vir die bemarking van ons gemeentekompleks deur o.a. die skep van multi-media inhoud.

Event planner and multi-media content creator
Part-time position (10 hours per week)

The NG Church Rondebosch has a position available in Rondebosch for an event planner and multi-media content creator. This person will be responsible for the marketing of our parish complex by, inter alia, creating multi-media content. See web for more detail
https://www.ngrondebosch.com/vakature--vacancy.html

BULLETIN
PASE - 21 MEI 2023

Ons is ‘n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za
Besoek ons by: www.ngrondebosch.com
ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ
Ons gemeente het ook ’n kaart-fasiliteit vir betalings. Vra gerus vir Koos.

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word vanoggend 09:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai. Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees. (indien daar nie loadshedding is nie).
https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09

Meeting ID: 838 0444 7977 **Passcode:** 691201

Eerediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Johannes 17:1-11
Tema:	Eenheid! Moeg daarvoor.

19:00 IN SILENTIO In Silentio

Ons drink koffie en tee na afloop van die diens. Kom kuier saam met ons.

Liewe gemeente

Ons is weer in Pinkster-tyd. Soos reeds vermeld, gebeur die Pinksterdienste by Huis Lückhoff, Ma-Vr 10:00-10:30. Ons gaan luister na die verhaal van Ester "…met die oog op 'n tyd soos hierdie…"

Verlede week se sinodale vergadering was werklik 'n belewenis. Verby is die dae dat orators voor op die verhoog staan en ander probeer oortuig/beïndruk met hulle standpunte. Nou is dit eerder 'n konferensie met goeie insette en gesprekke. Moeletsi Mbeki en Aartsbiskop Makgoba van die Anglikaanse kerk was die openingsprekers. 'n Verdere hoogtepunt was Ds Charlotte Sibanyoni se gesprek oor diversiteit. Sy is die eerste swart vroulike dominee in die NG Kerk (Universiteitsoord). Sy het 'n staande toejuiging na haar optrede gekry.

Ons wil met ons volgende Mark, 2 Junie, kyk of ons dit nuut kan doen. Ons manne/ vrouekrag, raak al hoe minder. Ons fokus gaan dus wees op saamkuier met kos en musiek. Kom kuier saam met ons die aand. Onthou! Ons hou die mark vir ons gemeenskap. Ons fokus is nie om fondse noodwendig in te samel nie, maar om vir ons gemeenskap 'n geleentheid te bied waar ons saam kan kuier.

Ek lees op Twitter (Nkuli Mbundu @NkuliMbundu) *As a citizen you have 1 vote every 5 years. ...Nothing you can do can hold those you elected accountable if they go a divergent route. If you so happen to elect illiterate rogues you are stuck with them for 5yrs because our laws permit such. In their ensuing power struggle to feast, the collective comprising of some rogues with diametrically opposed electoral promises, but similar interests to feast on your taxes. have free reign to conveniently coalesce. As a compromise, they will elect the lowest common denominator to be your leader, a leader who would not pass for the most elementary job in corporate or any progressive business for that matter yet they are there making decisions on billions of your hard earned money. They will dress this lowest common denominator pig in a fancy gown, put lipstick on it and sell it back to you as the best option in a PR spin. They will go on and defend the lowest common denominator in the face of glaring evidence of ineptitude. Why? Because he/she is convenient for their feasting agenda, not yours, the voter.* Hy moedig dan sy lesers aan om volgende jaar beter te stem. Hierdie sentiment leef ook in ons harte. Sulke uitsprake kan verdere woede en verdeeldheid in ons laat opstaan. Kom ons herinner mekaar aan Jesus se gebed: *Heilige Vader, bewaar hulle wat U aan My gegee het in u Naam, **sodat hulle, net soos Ons, een kan wees**.* (Joh 17:11)

Groete en seën
Johan van den Heever

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag - Donderdag
10:00 Pinksterdienste by HL
GEEN Pinksterdienste in die aand

Woensdag
19:30 Woensdagaand Bybelstudie
by Freanweg 15

Woensdagaand Selgroep
Elke Woensdagaand om 19.30 is Freanweg 15 se deur oop by die du Toit's. Elkeen, ongeag van ouderdom, wat geselskap en sielskos nodig het, is baie welkom. Kom maak nuwe vriende so om die tafel, waar ons lekker gesels en saamkuier.
Kontak Ina 021 685 6824 of 069 3400170

Community Market on Derry
Ons markte begin weer eersdaags. Ons eerste mark vir 2023 sal op 2 Junie plaasvind. Ons het hulp nodig om ons tafels te beman en met die voorbereiding van ons etes.
Indien jy jou weg oopsien om ons te kom help, skakel gerus vir Ansie of Ester.
Onthou, dis baie belangrik dat etes vooraf bestel moet word.
Nooi nou al jou vriende en familie. Dit is 'n lekker saamkuier geleentheid. Hoop ons sien jou daar.

Dank- en Erediensoffers

Dankoffers: R24 223
(Mikpunt: R53 400)

Erediensoffers: R 3 504
(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae.
Mag die Here jou ryklik seën.